**Skriflesing**: Jakobus 1:19-27
**Tema**: Doen wat die spieel sê.

Ons leef in ‘n praatsiek samelewing. Mense sê graag hul sê. Ons het opinies oor almal. En ons het kits oplossings vir byna alles.

Ons is ook ‘n haastige samelewing. Ons is gou om op ons agterpote te staan wanneer ons nie ons sin kry nie. Ons wil gehoor word eerder as om te hoor.

Nou leer ons uit hierdie Skrifgedeelte om juis nie so te wees nie.
Ons moet gou wees om te luister. Gee ander mense kans om te sê wat hul op die hart het. Luister rustig sonder om te wil doodpraat.

Wees stadig om te praat. Hou jou tong in toom. Eers wanneer jy goed geluister het, gee jou mening.

En moet nie gou kwaad word nie. “'n Mens wat kwaad word, doen nie wat voor God reg is nie" (Jak 1:20).
Woede kan ons tot verbale en fisieke geweld laat oorgaan en maak vreeslike goed in ons gedagtes los.
Ons kan en moet kwaad word oor ongeregtigheid, maar ons moet stadig wees daarmee. Luister eers, luister na God, pleeg oorleg om agter die volle verhaal te kom en doen dan wat volgens God se Woord reg is.

Ons moet ook skoon leef. Daar is nie plek vir sedelike vuilheid en ongeregtigheid in ons lewens nie. Ons moet ons skoonhou van die besmetting en van die suigkrag van die wêreld.

Jy kan dalk dink dat om die regte dinge te doen lekker maklik was vir die mense aan wie Jakobus hier skrywe. Tye het verander en vandag is dinge soveel moeiliker. Dit is nie so nie. Die 12 stamme aan wie Jakobus hier skrywe, is oor die wêreld versprei. Hulle is onder groot druk in 'n moeilike situasie waar hulle die minderheid in die samelewing is. Hulle het geen invloed nie. Hulle word blootgestel aan allerlei beproewings, versoekings en uitbuiting. Onderdrukking en onregverdigheid lok hulle uit tot negatiewe reaksies. Vooroordele en erge onderlinge konflikte kan hulle laat kwaadpraat. In wêreld waarin waardes en norme verval en afgode aanbid word, moet hulle anders leef. Hulle mag nie soos die sondige wêreld rondomhulle word nie. Hulle en ons moet skoon leef.

Ons moet glo in Jesus Christus wat ons vrymaak. Hy maak ons vry van sonde, vry om die lewende God te kan dien en vry van die eie ek om met deernis teenoor ander op te tree.

Egte en suiwer godsdiens is juis om weeskinders en weduwees in moeilike omstandighede by te staan

Ek onderbreek die beskrywing uit die gelese gedeelte oor wie ons moet wees met die volgende vraag: Waarom kyk jy in die spieel? Ons doen dit om te sien wat is reg, wat is fout en waar kan ons verbeter.

Wanneer ons die Woord van die Here hoor, is ons soos mense voor wie 'n spieël gehang word. Die Bybel help ons om iets van onsself raak te sien, om eerlik na ons lewens te kyk, hoe ons leef en wie ons is.
Die Bybel help ons om die goed, reg en mooi in ons lewens te sien en God daarvoor te dank.
Die Bybel help ons ook dikwels om ons eie gebrokenheid, liefdeloosheid, ongeduld en selfsug raak te sien.
Maar hoe reageer ons op wat ons sien? Ons kan kies of ons iets daaraan wil doen en of ons wil omdraai en wegstap sonder dat dit ons beinvloed.

Vroeë spieëls was ‘n blinkgevryfde brons- of koperstuk waarin mens nie baie goed kon sien nie. ‘n Vinnige blik sou nie veel baat nie. Jy moes ‘n spieël intens bestudeer. Dit is ook hoe ons met die Bybel as spieël moet omgaan. Ons moet ons verdiep in die Bybel.

Om eerlik te wees, sien ons nie eintlik nuwe goed in Jakokobus 1:19-27 nie. Ons weet hierdie goed. Maar die vraag is of ons doen wat ons sien?

In Jakobus 1:22-24 lees ons die volgende in die Boodskap:
“[22]Doen wat God vir jou sê. Daar wag ’n groot verrassing op jou as jy maar net daarna sit en luister en niks daaraan doen nie. Jy dink dalk jy is mooi godsdienstig, maar eintlik is jy besig om jouself lelik te kul. [23]Iemand wat net na God se woord luister sonder om te doen wat dit vra, is soos ’n man wat na homself in ’n spieël kyk. Hy sien daar hoe deurmekaar sy hare is. Hy draai dan om en stap weg sonder om sy hare te kam, omdat hy dadelik vergeet hoe deurmekaar sy hare is. [24]Hoe anders is dit nie met iemand wat moeite doen om alles van God se wil te leer nie. Deur na die wil van God te luister word jy mos vry van al die slegte dinge wat jou lewe so deurmekaar kan krap.”

Geloof is nie net 'n teorie of 'n filosofiese probleem nie. Dit is nie net ‘n luister program waarop ons op ‘n Sondagoggend inskakel nie.
Geloof is nie net 'n intellektuele konsep of 'n interessante gesprek by ‘n selgroep nie.
Geloof is om in die spieël van die Woord te kyk en te verander.
Geloof gaan oor tot aksie.
Geloof laat my luister na ander. Dit maak dat ek nie gou praat of kwaad word nie.
Geloof leef anders as hulle wat nie die Here ken en dien nie. Vrygemaak deur Jesus Christus leef ons skoon lewens. Jy kan nie sê dat jy ‘n godsdienstige mens is en baklei, vloek en skinder soos wat jy wil nie. Wanneer jy dit doen bedrieg jy jouself en is jou godsdiens waardeloos.

En geloof help hulle wat swaarkry. “Is jy betrokke by getuienis- of barmhartigheidsbediening wat ‘n verskil maak in mense se lewens?”. Op hierdie vraag in die gemeentevraelys , het 36% gemeentelede gesê dat hulle is betrokke, 27% was onseker en 37% het self gesê dat hulle glad nie betrokke is nie.
Die Bybel draai glad nie hieroor doekies om nie: “Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan...” (Jak 1:27)

Kom ons verdiep en spieël ons gereeld in die Woord. En ons vergeet nie wat ons gesien het nie. Prys Here wanneer dit wat jy in die spieël sien reg is en jou lewe sy vrug dra. Laat toe dat Hy in jou lewe verbeter wat verbeter moet word en regmaak dit wat verkeerd is.

Ek sluit af met Jakobus 1:25 uit die boodskap: "25 Iemand wat so ernstig in God se wil belangstel en dit wat hy daar hoor ook gaan doen, het die ware geluk en sin van die lewe ontdek."
Amen